Toer by die See

SPORTTOERE

Maart 2022
LAERSKOLE & HOËRSKOLE

MARGATE SPORTS SCHOOL

Established 1993

Uitnodiging aan: Die Sportbestuurder en Afrigters

SPORTTOERE NA MARGATE SPORTSKOOL: Maart 2022

Dit is vir die MARGATE SPORTSKOOL GROEP 'n voorreg om u en u skool uit te nooi na ons jaarlikse Rugby-, Netbal-, Sokker-, Hokkie- en Gholftoernooie / klinieke wat aan die Suidkus van KZN sal plaasvind.

.

Datum: 25 - 30 Maart 2022 (5 nagte) Hoërskole & Laerskole

Let asb op die volgende:

- Alhoewel alle ouderdomsgroepe oor dieselfde tydperk geakkommodeer word, sal afsonderlike afrigtingsessies vir die Laerskool en Hoërskool aangebied word.
- Hierdie datum kan nog verander indien die Onderwys Departement die vakansies weer aanpas.

Sportsoorte: Rugby: 0/11 tot 0/19
Netbal: 0/12 tot 0/19
Gholf: Alle Ouderdomsgroepe
Hokkie : (Seuns + Dogters) 0/11 tot 0/19
Sokker: (Seuns + Dogters) 0/12 tot 0/19

Fasiliteite: Margate Sportskool is trots daarop dat ons die enigste Suidkus Sportskool is wat aan ons gaste 'n verskeidenheid van ons eie geriewe en vriendelike personeel kan bied.. As 'n familieonderneming sedert 1993, is ons kliënte verseker van die beste akkommodasiegeriewe en uitstekende maaltye waarvoor ons bekend geword het.

Sportvelde en fasiliteite wat benut sal word:

- Douglas Mitchell Sports Grounds (Uvongo): Rugby
- Ugu Sports & Leisure Centre: Netbal en Sokker
- South City Christian College **(**Ramsgate): Rugby, Netbal en Hokkie
- Margate Sportskool: Hokkie

Akkommodasie:

'n Groot verskeidenheid akkommodasie is beskikbaar -

- ***Akkommodasie A:*** (Koshuise bv. Margate Sportskool Koshuis; Slaap 2–8 persone per kamer / eenheid met ablusieblokke. Aparte kamers vir onderwysers. Almal moet eie beddegoed & handdoeke saambring.

- ***Akkommodasie B:*** (Brackenmoor Estate of soortgelyk akkommodasie): Brackenmoor is deel van die Margate Sportskool Groep en is in Uvongo naby strande en winkels geleë. En-suite kamers met slaapplek vir 2-8 persone per kamer / eenheid. Aparte kamers vir onderwysers. Daar is TV's in elke eenheid. Beddegoed word voorsien aan almal.

- ***Akkommodasie C:*** (Gracelands Beach Lodge of soortgelyk akkommodasie); Gracelands Beach Lodge is ook deel van die Margate Sportskool Groep en is 50-meter vanaf 'n private strand in Ramsgate geleë. En-suite kamers met slaapplek vir 2-8 persone per kamer. TV's in elke eenheid. Aparte kamers vir onderwysers. Beddegoed word voorsien aan almal.

- ***Akkommodasie D:*** *(Brons woonstelle*): Gerieflike basiese kamers. Akkommodeer 2-10 persone per kamer / eenheid, Aparte kamers vir onderwysers. Naby die see geleë. Beddegoed word voorsien aan almal.

- ***Akkommodsie E:*** (Silwer woonstelle) Luukse woonstelle / chalets. Akkommodeer 2-8 persone per eenheid. TV in elke eenheid. Aparte kamers vir onderwysers. Beddegoed word voorsien aan almal. Naby die see geleë.

- ***Akkommodasie F:*** (Goue woonstelle) Top luukse woonstelle / chalets. TV's in elke eenheid. Beddegoed word voorsien aan almal. Aparte kamers vir onderwysers. Naby die hoofstrand geleë.

Hier is 24 uur sekuriteit by al ons plekke

Baie belangrik: Almal moet eie handdoeke saambring -

Koste:

- Die volgende koste is van toepassing vir Rugby, Sokker, Netbal en Hokkie vir alle ouderdomsgroepe. Kontak ons gerus vir gholftariewe.
- Verblyf is gebaseer op 'n "first come first serve" basis - bespreek dus vroegtydig om teleurstelling te voorkom!
- Vir elke 20 leerders (spelers**)** is een onderwyser (afrigter) gratis. Addisionele onderwysers of afrigters (ander volwassenes) betaal dieselfde as die leerders.
- Skole moet kies tussen Opsie 1 of 2
  Opsie 1: Akkommodasie met 3 etes per dag
  Opsie 2: Akkommodsie met 2 etes (geen middagete nie) per dag.

Akkommodasie Kategorieë	**Opsie 1:** Akkommodasie met 3 etes per dag.	**Opsie 2:** Akkommodasie met 2 etes per dag (geen middagete nie)
Kategorie A:	R2200,00 per persoon	R2100,00 per persoon
Kategorie B	R2500,00 per persoon	R2400,00 per persoon
Kategorie C	R2800,00 per persoon	R2700,00 per persoon
Kategorie D	R2800,00 per persoon	R2700,00 per persoon
Kategorie E	R3100,00 per persoon	R3000,00 per persoon
Kategorie F	R3400,00 per persoon	R3300,00 per persoon

Bogenoemde pryse sluit die volgende in:

- Akkommodasie vir 5 nagte vir h/skole en laerskole.
  Arriveer 25 Maart en vertrek 30 Maart'22.
- 2 of 3 Maaltye per dag. Dag van aankoms, net aandete. Dag van vertrek, net ontbyt.
- Geen middagetes indien u die 2 etes per dag opsie neem nie.
- **Geen middagetes sal op Sondae bedien word nie.**
- Afrigting en Wedstryde
- Die gebruik van ons fasiliteite
- U moet asb u eie beddegoed voorsien as u in die koshuise tuisgaan. U moet asb u eie handdoeke voorsien by al die plekke

Afrigters:

Ons top provinsiale / nasionale afrigters gebruik die nuutste afrigtingstegnieke en -toerusting om 'n omgewing te skep waarin werklike leer plaasvind.
Die spanne sal ook die geleentheid kry om genoeg wedstryde te speel.

Vorige jare se hoofafrigters:

Netbal - Louise du Plessis; baie suksesvolle SA SENIOR PROTEA afrigter

Rugby - Sharks Akademie Afrigters en ook voormalige en huidige Sharks-spelers.

Hokkie - Braam van Wyk, Vrystaatse afrigter en Lindy Horlock, welbekend vir haar afriging in KZN (Vlak 2 SAHA-afrigter)

Sokker - Earl Bishop van Supersport United Academy aan die Suidkus

Program:

Die 5 Nagte Sport-pakket bestaan uit afrigtingsessies en wedstryde.

'n Verkorte program lyk as volg:
Dag 1: Vrydag: Aankoms vanaf 14h00 en verwelkoming. Aandete word om 18:00 bedien.
Dag 2: Saterdag: Afrigtingsessies en / of wedstryde.
Dag 3: Sondag: 'n afdag om op die strand of enige ander plek deur te bring en geen middagete sal bedien word nie.
Dag 4: Maandag: Afrigtingsessies en / of wedstryde
Dag 5: Dinsdag: Afrigtingsessies en / of wedstryde
Dag 6: Woensdag: Ontbyt en vertrek

Deposito:

Deposito van R5 000-00 is nodig vir tot 30 persone (R10 000-00 vir meer as 40 persone)

Ontspanning:

Daar sal genoeg tyd beskikbaar wees om die weer, die see, golwe, strand en Suidkus-gasvryheid te geniet

Ander Kampe en Toere:
Ons bied ook die volgende kampe aan, kontak ons gerus vir verdere inligting en besprekings.

- Vakansie kampe.
- Kerkkampe
- Avontuurkampe
- Opvoedkundige toere
- Ander sporttoere

Besprekingskantoor:
Danie by sel: 082 334 6469, e-pos: dtpromotions@telkomsa.net

Hoofkantoor:
Tel: 039- 317 4234, sel: 082-5645252 Faks: 086-6317294, e-pos: sportschool@worldonline.co.za
Besoek ons webwerf: www.margatesportschool.co.za en Facebook-bladsy: Margate Sportskool

Ons sien uit daarna om u te akkommodeer!